



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2012

**ONTWERP (TEORIE) V1
MEMORANDUM**

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 26 bladsye.

VRAAG 1

AS 3.3 Demonstreer kennis van die basiese teorie van ontwerp en kennis van die terminologie wat ontwerp beskryf.

AS 3.4 Bespreek en verduidelik die konteks en doel van produkte, beelde, tekens en simbole wat gebruik word in ontwerp.

1.1 (Ken 6 punte toe – 2 punte vir elke element)

LYN:

- Die dominante lyne in die houer word gevorm deur die buitelyne van al die blomme en varings en is dus kurflinêr en organies. Meer rigiede, dunner lyne in blaarvormige fatsoene vorm die agtergrond.
- Die lyne is baie dig opmekaar en skep 'n baie besige en lewendige oppervlak.
- Die buitelyne van die houer self is onreëlmatig en natuurlik a.g.v. die blom- en blaarfatsoene wat losserig aan die agtergrond vasgesit is en plek-plek uitstaan. (2)

FATSOEN:

- Die blomme en blare is gestileer om plat, organiese fatsoene te vorm.
Hierdie organiese fatsoene gee beweging en vloei aan die werk. (2)

WERKLIKE TEKSTUUR:

- Die houer lyk of dit uit 'n feltagtige stof gemaak is, wat oor draad gespan is en terselfdertyd 'n gevoel van sagtheid en onbuigbaarheid weergee.
- Wolmateriaal of felt word nie normaalweg gebruik om houers te maak nie en die gebruik daarvan gee 'n onverwagse verrassingselement aan die ontwerp.

MAKLIK 3; GEMIDDELD 2; UITDAGEND 1 (2)

1.2 (Ken 2 punte toe)

EENHEID:

- Die herhaling van die blompatroon en die blaarvorme, sowel as die enkele rooi kleur van die houer help om eenheid in die ontwerp teweeg te bring. (1)

KONTRAS:

- Die ronder stervormige blomme kontrasteer met die meer reguit, spiesvormige varing fatsoene en die baie dun, reguit lyne in die agtergrond kontrasteer met die gladder, plat voorgrond fatsoene. Hierdie kontraste help om visuele belangstelling te prikkel. (1)

Krediet moet ook gegee word aan enige ander goed beredeneerde en gepaste antwoord.

GEMIDDELD 2

1.3 **(Ken 2 punte toe)**

POSITIEWE ASPEKTE:

Dit is 'n esteties bevredigende, goed gemaakte vorm, wat beide sterk kleur en versigtig gekombineerde fatsoene en lyne het en daarom sal dit as 'n dekoratiewe stuk dien, bv. om die omgewing waarin dit geplaas is te verfraai.

Dit kan ook 'n praktiese doel dien bv., as stoorplek.

(1)

NEGATIEWE ASPEKTE:

Omdat dit 'n opening tussen die draadwerk het, sal dit nie vloeistof kan hou nie Die fatsoene wat uitsteek kan onprakties wees omdat dit aan goed kan haak en die wolagtige tekstuur kan maklik stof en vuiligheid optel. Dit sal moeilik wees om skoon te maak.

(1)

Een positiewe en een negatiewe aspek moet genoem word. Gee krediet aan enige relevante antwoorde.

UITDAGEND 21.4 1.4.1 **(Ken 4 punte toe, 2 vir elke simbool – een vir die naam van die simbool en een vir die betekenis.)**

Enige geldige stellings moet krediet kry.

- Die silhoeëtte van 'n vrou met 'n 'afro' haarstyl met oorbelle, halssnoer en kopband wat Afrika kralewerk voorstel, simboliseer Afrika.
- Die strook filmband wat bo die gedagtewolkie geplaas is om soos 'n reënboog te lyk simboliseer fliëks en hoop of skoonheid.
- Die swaeltjies aan die bokant van die plakkaat stel migrasie voor en kan gesien word as simbool vir die ander lande wat by die fees verteenwoordig gaan word.
- Skoenlappers en blomme is kleurvol en mooi en herinner aan vrede en gelukkigheid.
- Palmbome herinner mens aan die strande en die tropiese klimaat en simboliseer 'n sorgvrye, idilliese bestaan sowel as ontspanning en genot.
- Die bok is deel van die Afrika veld en help om te simboliseer dat die byeenkoms op die Afrika-kontinent plaasvind.

MAKLIK 2; GEMIDDELD 2 (4)1.4.2 **(Ken 3 punte toe)**

Die leerder kan 'ja' antwoord en dan die volgende moontlike redes gee:

- Die hoofopskrif, 'Durban International Film Festival' is groot en vetgedruk en om hierdie rede opvallend.
- Die woorde is in verskillende groottes en kleure en sommige afdelings van die lettertipe is op verskillende hoeke geplaas om 'n opwindende oppervlak te skep.
- Die meeste van die woorde is in kleinletters wat die plakkaat 'n vriendelike gevoel gee.
- 'Film Festival' is uitgebeeld in die geronde 'pop styl' lettertipe wat 'n prettige, ligte gevoel weergee.

- Die tipografie wat vir die name van die plekke gebruik is aan die onderkant van die plakkaat is ook vetgedruk en opvallend want die letters is vet. Die kleinletters in 'n sans serif styl.

1.4.2 As die leerder 'nee' antwoord moet dit gestaaf word deur duidelike verwysing na die plakkaat. Moontlike redes kan wees:

- Die diagonale hoeke waarlangs die groepe woorde geplaas is, maak dit moeilik om te lees.
- Die feit dat woorde op verskillende hoeke geplaas is, skep 'n besige, volgepakte en verwarrende oppervlak.
- Die eenvoudige geronde vorms is nie afgelei van tipiese Afrika vorms nie, wat meer geometries is en daarom nie geskik vir 'n plakkaat wat 'n Suid-Afrikaanse gebeurtenis adverteer nie.

Gee krediet aan enige goed gemotiveerde stellings.

GEMIDDELD 1; UITDAGEND 2 (3)

1.4.3 **(Ken 1 punt toe)**

KLEUR:

De plakkaat maak gebruik van 'n wye reeks van suiwer, ligte, helder kleure soos lemmetjie groen, violet, pienk en oranje wat aandag trek en ook opwinding en genot oordra.

(1)

1.4.4 **(Ken 2 punte toe)**

Die leerder kan 'ja' antwoord en moet twee redes gee. Moontlike redes kan wees:

- Die vrou se juwele herinner aan Afrika kralewerk.
- Afrika diere soos 'n kameelperd en impala word uitgebeeld.
- Die fokuspunt is die vrou met die Afrika haarstyl.

As die leerder 'nee' antwoord, kan dit om die volgende redes wees:

- Die kleure is nie tipiese Afrika kleure nie en lyk of dit chemies vervaardig, helder en nagemaak is.
- Die tipografie, die plat, eenvoudige fatsoene en die helder kleure is tipies van Pop ontwerp, wat 'n Westerse kunsvorm is.

GEMIDDELD 1; UITDAGEND 1 (2)

[20]

VRAAG 1	1.1	1.2	1.3	1.4	TOTAAL
MAKLIK	3			3	6
GEMIDDELD	2	2		4	8
UITDAGEND	1		2	3	6
TOTAAL	5	2	2	10	20

VRAAG 2

AS 3.5 Onderzoek, reflekteer op en interpreteer inligting vanaf 'n verskeidenheid bronne en verstaan die invloede wat ontwerp ontwikkel het, insluitende Afrika en Suid-Afrikaanse ontwerp, in die verlede en huidig.

AS 3.6 Analiseer en interpreteer voorbeelde en verbind hulle met hul kulturele-, geskiedkundige- en hedendaagse kontekste.

2.1 2.1.1 **Ken 2 punte toe)**

FIGUUR 3 behoort aan die Art Deco beweging

FIGUUR 4 behoort aan die Bauhaus beweging

MAKLIK 2 (2)

2.1.2 **(Ken 5 punte toe)**

Enige 5 van die volgende is aanvaarbaar. (Gee ook krediet aan enige goed beredeneerde antwoorde wat gebaseer is op feite.)

Bauhaus en Art Deco het die volgende in gemeen:

- Beide het kwaliteit masjiengemaakte produkte gemaak.
- Hulle het ontwerp vir die industrie en massa-produksie.
- Beide het ontwerp motiewe verminder na die eenvoudigste vorm sonder om die gesofistikeerde en verfynde voorkoms te verloor.
- Hulle het gebruik gemaak van gestileerde geometriese vorms/fatsoene in hulle ontwerpe.
- Hulle behoort beide aan die Modernistiese beweging.
- Die koste van hulle ontwerpe het verseker dat dit ook bekombaar was vir die werkersklas mense.
- Hulle het gebruik gemaak van nuwe materiale, bv. Art Deco het produkte gemaak van Perspex, chroom en plastiek. Bauhaus het van gewapende beton gebruik gemaak.

GEMIDDELD 4; UITDAGEND 1 (5)

2.2 2.2.1 **(Ken 8 punte toe)**

Kandidate moet ten minste TWEE DOELWITTE, DRIE INVLOEDE en DRIE KARAKTEREIEENSKAPPE noem.

Die borsspeld is tipies van Art Nouveau omdat dit die volgende doelwitte, invloede en algemene karaktereieskappe toon.

DOELWITTE:

- Dit toon 'n noue verband tussen die kunstenaar/ontwerper en die vakman.
- Dit wys hoe hulle gepoog het om die waarde en die betrokkenheid van die vaardige vakman te herstel om te probeer om die algehele kwaliteit van die werke te verbeter. (2)

INVLOEDE:

- Die Japanese gebruik van die eenvoudige vloeiende lyne en elegante ontwerp.
- Keltiese ontwerp van liggaamsornamente met die klem op die oordadige, kurflinieêre ontwerpe, wat dekoratief saam gevestig is.
- Die Symbolistiese gebruik van sensuele ontwerpe wat op die natuur en die vroulike figuur gebaseer is. (3)

ALGEMENE KARAKTEREIEKSKAPPE VAN ART NOUVEAU:

- Onderwerp: Diere, voëls, hoogs gestileerde rose, sonneblomme, lelies, poue en sensasionele vroulike vorm.
- Lyn: Die gebruik van die sweepslag ('serpentine'/'whiplash') lyn om gestileerde en eenvoudige lyne te skep.
- Vorm en fatsoen: Die vloeiende kurwes en vorms wat gebruik is om meubels en ander objekte te ontwerp reflekteer die ritme van die sweepslag (whiplash) lyne.
- Kleur: subtiel en gedemp, (pastel-geel,-pienk en -groen). Die plat mat kleur is regdeur die kurwende lyn behou.
- Komposisie is omtrent altyd asimmetries gebalanseerd.

MAKLIK 6; GEMIDDELD 2 (3)

2.2.3 **(Ken 5 punte toe)**
EEN MOONTLIKE VOORBEELD

ONTWERPER: Louis Comfort Tiffany (1)

WERK: *Die Druiwetros Lamp* (1)

ANALISE

- Die onderwerp is organies. en beeld 'n gestileerde beeld van vrugte (druive) en blare uit.
- Die lampstaander vorm die stam van die wingerd en het 'n tekstuur wat jou aan hout herinner.
- Die ligskerm is van verskillende stukkie deurskynende gekleurde glas gemaak. wat in 'n lineêre metaalraamwerk geplaas is om vrugte en blare voor te stel.
- Die glasstukkie vorm die vrugte en blare in die lampskerm en is van platvlakkige kleure gemaak en die metaalraamwerk skep 'n dekoratiewe buitelyne vir elke stukkie gekleurde glas.
- Die glasvorme is gestileerd en vereenvoudig.

UITDAGEND 5 (3)

2.3 (Ken 10 punte toe x 2 = 20)

Daar is vele voorbeelde wat die leerders kan kies om te studeer. Die voorbeelde wat gekies is vir die memorandum van die vraestel kan gebruik word om te wys hoe 'n leerder die vraag kan beantwoord:

VOORBEELD 1: YORUBA TEKSTIELE

Kort geskiedenis

- Die Yorubastam bly in Yorubaland in Nigerië. Hulle weef en knoop-en-doop ('tie-dye') hulle eie lappe.
- Hulle geskiedenis van tekstiel produksie dateer terug na die 9^{de} eeu.
- Hulle is die beste geken vir hulle Adire (Indigo weerstand kleurstof) lappe.
- Vanaf die 16de eeu was hulle lappe van swakker kwaliteit gekoop en uitgevoer na Brasilië.
- Teen die 1920's en 30's het dit 'n groot plaaslike kunsvlyt geword en die lappe was verkoop reg oor Wes-Afrika.
- Gedurende die 1930's het die mark onherstelbaar ineengestort as gevolg van die agteruitgaan van kleursel' kwaliteit en swak vakmanskap.
- Vandag is daar steeds ontwerpers wat produseer en gebruik 'n multi-gekleurde was weerstand tegniek.
- Mans se weefwerk floreer steeds.

MAKLIK 3 (3)

Materiale, Metodes en Prosesse:

- Lap was oorspronklik geweef uit 'n vesel wat bekend staan as 'Bast', wat gemaak word uit die vlas plant. Vandag word dit nie so dikwels gebruik nie en word meestal met katoen gemeng.
- Lap word ook geweef uit wol, katoen, sy en raffia.
- Daar is twee tipes lap, 'Adire oniko', 'n 'tie-dye' tegniek wat gebruik maak van enige of al die 'tie-dye' weerstand prosesse en 'Adire eleko', 'n stysel gebaseerde tegniek. Die stysel smeersel word gemaak uit die basis van die Cassava plant en word op die lap gevef met hoendervere, dun stukkie palmblare en vuurhoutjies as gereedskap.
- Hulle werk met 2 of meer lae lap op 'n slag.
- Patrone bestaan uit groot en klein sirkels, rangstrepe, driehoeke van verskillende groottes.
- Asa-oke (reep-weefwerk) word tradisioneel deur mans gemaak en bestaan uit reepe, elk 4 duim breed, wat aanmekaar gestik word om 'n groter stuk lap te vorm.
- Weefwerk word handgetou.

- Voorbereiding van die vesels vir weefwerk is soos volg:
 - Die plantvesels word skoongemaak deur dit eers te week.
 - Die skoon, droë vesels word dan gerol tussen die d palm van 'n hand en dy om 'n draad te vorm.
 - Die voltooide draad word om twee stokke gedraai om te voorkom dat dit koek.
 - Wanneer genoeg draad gemaak is, ('n skein), word dit gekleur en is dit reg vir weef.

Tekstiel kleursel:

- Indigo 'ikat' gekleurde drade word gemaak van die Wilde Indigo plant en was gebruik om 'n reeks bloue te skep. Dit was ook gebruik as deel van 'n 'tie-dye' weerstandproses om patrone op lap te skep. Patrone was gemaak deur plooisels, knope gemaak uit raffia, aaneenlopende steke in lyne of patrone (staan bekend as Alabere) en deur stokke en klippe vas te maak in of op die lap.
- Groente en mineraal bronne van hulle eie omgewing was gebruik om blou, groen, bruin, rooi en geel te skep.
- Swart was gemaak deur 'n twee-fase proses te gebruik. Die drade was gekook saam met blare van twee inheemse bome, of met 'n mengsel van skaapmis en gedroogte wilde grondsampioene.

MIDDELMATIG 4 (4)

Doel/Funksies

- Die geweefde lap word gedra as klere en/of kopdrag en word ook gebruik tydens rituele om 'n huis te 'beklee', byvoorbeeld tydens 'n periode van rou.
- Om ontwerpe te skep wat simboliese betekenis het of 'n storie vertel, byvoorbeeld, die 'spiëelpatroon' wat die draer teen die 'bose oog' beskerm.
- 'Asa-oke' is die een waarmee die Yoruba die meeste vereenselwig as 'n refleksie van hul bewustheid. Dit word gedra tydens belangrike funksies, gewoonlik leefstylfunksies soos bababenoemingseremonies en begrafnis.

UITDAGEND 3 (3)

Leerders kan punte gegee word vir enige ander geldige en goed beredeneerde feit wat van toepassing is tot die gegewe opskrifte van die vraag.

VOORBEELD 2. ZOELOE KERAMIEKWARE

'n Kort geskiedenis

- Keramiekware is sekerlik die oudste menslike kunsvorm.
- Die vroegste potte dateer terug na 6800 BC.
- Die keramiekproses het basies onveranderd gebly vir duisende jare.
- Die eerste potte is handgemaak, maar daar is bewys van wielgegooide potte wat al so vroeg as 2500 BC in Mesopotamië.

MAKLIK 3 (3)

Gebruik van materiaal, metodes en prosesse:

- Zoeloe potte is gemaak met die 'coil' tegniek. ☑
- Rooi en donker klei is uit die berge versamel en fyngehaal tot 'n poeier met 'n maalsteen en is dan uitgedroog totdat dit die regte digtheid en geskikte graad van rekbaarheid bereik. ☑
- Die wande van die vat word geleidelik opgebou vanaf 'n sirkelagtige basis. Versigtige aandag word geskenk aan simmetrie asook aan die korrekte wandwydte. ☑
- Binne- en buitewande word gevorm en gepoleer met 'n stuk kalbas, klip of metaalgereedskap. ☑
- Wanneer die pot voltooi is word dit met komberse toegemaak en in 'n hut geplaas totdat dit leer hard is. ☑
- Dit word dan vir sewe dae buite uitgedroog. ☑
- Daar is twee hoof Zoeloe versieringstegnieke: toegepaste en uitgekerfde versieringe.
 - Toegepaste versiering word aangewend deur klein klei balle aan potte vas te heg of deur druk van binne die pot uit te oefen om uitsteeksels aan die buitekant te vorm.
 - Uitgekerfde versierings word gedoen deur patrone op die pot te teken en dan uit te kerf. ☑
- Zoeloes maak gebruik van die putvuringsmetode – potte word ingeplaas in 'n vlak put en word bedek met droë aalwynblare en hout wat dan aan die brand gestee word. Potte wat bedoel word om uit geëet of gedrink te word moet 'n tweede vuring ondergaan en droë beesmis word tydens die proses gebruik. ☑
- Potte verskyn uit die tweede vuringsproses met 'n swart gesig wat gevryf word met appelliefie blare, 'n klein plat klip en diervet wat dit 'n blinkswart afwerking gee. ☑

MIDDELMATIG 4 (4)Doelwitte/funksies:

- Fatsoene en groottes varieer volgens funksie – die grootste pot is die onversierde 'imbiza', 'n pot wat gebruik word vir kook en wat tot 40 liter tradisionele bier kan hou. ☑
- Drinkpotte bevat 'n kruikfatsoen met 'n silindriese tuit wat mors voorkom en skink vergemaklik. ☑
- Die 'umancishane', 'n kleiner pot, toon aan 'n besoeker wat bier ontvang het dat net in kort besoek verwag word. ☑

UITDAGEND 3 (3)VOORBEELD 3: XHOSA KRALEWERK'n Kort geskiedenis:

- Kralewerk vorm al vir 'n lang tyd 'n integrale deel van die Xhosa kleding tradisie. ☑
- Die eerste glas krale is na Suid-Afrika gebring deur Arabiese-, Portugese-, Hollandse- en Engelse handelaars. ☑

- Omdat krale skaars was, is hulle as baie waardevol beskou en is dikwels gebruik as handel- of ruilhandelstuk – en is later gebruik as 'n tipe geldstelsel.
- Soos die invloed van Hollandse- en Engelse kulture Suid-Afrika binnegedring het, het krale al meer toeganklik en beskikbaar geraak, wat die ontwikkeling van Xhosa kralewerk tot 'n uitvoerige kunsvlyt meegebring het.

MAKLIK 3; GEMIDDELD 1 (3)

Gebruik van materiale, metodes en prosesse:

- Krale is aanvanklik gemaak deur natuurlike materiale soos volstruis- eierdop en metale.
- Krale word vandag in winkels gekoop waar die koper soek vir helder, skoon kleure en goedgevormde krale met duidelike gaatjies.
- Om 'n stuk te skep is krale vasgewerk aan rugkante uit koei en bokvel.
- Tradisioneel is vesel van die blare van 'n aalwyn, genoem *ikhala*, gebruik om sterk garing te maak. Vandag word katoengaring meestal gebruik.

GEMIDDELD 4 (4)

Doelwitte/funksies:

- Vorm deel van daaglikse drag asook bedoel vir spesiale geleenthede. Armbande, been-bande, halssnoere, krae, voorskote, gordels en kopbande is van die items wat gedra is as versiering. Voorwerpe soos pype en tabaksakke is versier met krale en word gedra deur verskeie lede van die stam.
- Xhosa kralewerk het ook gedien as 'n verenigde faktor vir die gemeenskap deur die skep van 'n gevoel van eendersheid en samehorigheid. Wanneer beskou word as versamelings, skep die kralewerk 'n visuele rekord van die stam se geskiedenis.
- Gelukbringerhalssnoere word spesifiek gebruik om skade of euwel wat kinders bedreig.
- Lede van die Xhosa samelewing beweeg deur verskeie lewens fases/stadiums wat gesimboliseer word deur verskeie stukke kralewerk.
- Kralewerk, sowel as die kleure wat gebruik word, kan spesifieke boodskappe oordra, bv. wit simboliseer verligtheid, suiwerheid en bemiddeling.

UITDAGEND 3 (3)
(2 x 10) (20)
[40]

VRAAG 2	2.1	2.2.1	2.3	TOTAAL
MAKLIK	2	6	6	14
GEMIDDELD	4	2	8	14
UITDAGEND	1	5	6	12
TOTAAL	7	13	20	40

VRAAG 3

AS 3.6 Analiseer en interpreteer voorbeelde en vind verbande met hul kulturele, historiese- en kontemporêre kontekste.

AS 3.7 Verstaan en beskryf die materiale en prosesse gebruik deur gemeenskappe of individuele ontwerpbeoefenaars.

3.1 3.1.1 **(Ken 1 punt toe)**

- Die konstruksie van die sitplek herinner aan tradisionele mandjies.

GEMIDDELD 1 (1)

3.1.2 **(Ken 3 punte toe)**

FIGUUR 7 is kontemporêr want:

- Dit is van moderne materiale gemaak bv. vlekvrystaal en plastiek.
- Dit is baie eenvoudig
- Die klem is op die struktuur en nie die oppervlak versiering nie.
- Tradisie is ingewerk in 'n nuwe, onverwagse wyse deur 'n sitplek te skep wat verwys na die lyne en strukture van mandjie-makery, maar moderne materiale word gebruik.
- Die kleure is eenvoudige en glad aangewend.

GEMIDDELD 1; UITDAGEND 2 (3)

3.2 (Ken 10 punte toe)

Enige ontwerper uit die Woolworths bron '*Living with Design Daily*' of *Craft Art South Africa* deur E. Coetsee.

VOORBEELD 1

Bongiwe Walaza: (Mode-Ontwerper)

MAKLIK 1 (1)

Afrika invloede en inspirasie:

Bongiwe is geïnspireer deur haar Xhosa agtergrond – die landskap, deur die patrone op '*shweshwe*' en ander Afrika tekstiele, sowel as deur die uiteenlopende kulture in ons land en wil die vele ongetapte style wat sy glo Suid-Afrika het aanneem en uitbou. Sy voel dat die feit dat sy met byna niks begin het nie, het haar geleer om te improviseer.

MIDDELMATIG 2 (2)

Algemene eienskappe:

- Tekstuur, veral gedrukte materiaal (bv. shweshwe') – meestal geometries in patroon – vertoon sterk in haar werk.
- Haar ingenieurswese studies het 'n gevoel vir struktuur in haar gebring wat sterk in haar werk sigbaar is.
- Sy gebruik 'n palet van net tradisionele, natuurlike materiale in haar reeks. Sy is huidig besig om 'n kombinasie van sintetiese en tradisionele materiale te gebruik.
- Sy voel nie aangetrokke tot hoofstroommode nie, maar leen elemente en neigings by hulle. Haar klere dra nog haar handtekening en oorspronge.

MAKLIK 1; GEMIDDELD 1; UITDAGEND 1 (3)

Naam en kort verduideliking van een werk deur die ontwerper:

Naam van ontwerp: Rok geïnspireer deur tradisionele Xhosa rok

Analise:

Lyn:

Die klem is op die vertikale omdat:

- Die ontwerp van die lyfstuk gemaak is van afwisselende, kontrasterende vertikale lyne. Dit help om die soliede gevoel van die lyfstuk se wye donker band oor te dra en herinner ons aan die trotse, regop postuur van die Afrika-vrou wat om die beurt bydra tot 'n elegante gevoel.

Die vertikale klem word verbreek deur sterk horisontale lyne soos:

- Die ligband wat die boonste rand van die lyfstuk vorm
- Die donker onderste rand van die lyfstuk, wat 'n duidelike skeidingslyn tussen die heuplyn van die top en die lyfstuk.

Sterk diagonale lyne is duidelik omdat:

- Beide die skouerbande gaan oor dieselfde skouer gaan, wat sterk diagonale lyne vorm wat die sterk vertikale/horisontale klem breek.
- Die lae van die uitklok gedeelte van die romp (elke laag is so gesny dat die een punt langer is as die ander, wat veroorsaak dat twee diagonale lyne mekaar kruis.)
- Dieselfde teenoorgestelde diagonale spanning kan gesien word in die diagonale kant op die agterkant van die lyfstuk.
- Al die bogenoemde dra by tot die gevoel van dinamiek in die ontwerp.

Kurflinieëre lyne word voorgestel deur:

- Die effense kurwe aan beide die bo en onderkant van die lyfstuk so wel as aan die soom van die twee lae van die romp. Dit help om die diagonale- en horisontale lyne te versag en herinner aan die sagte, sensuele kurwes van die vroulike vorm.
- Die styfpassende lyfstuk en boonste gedeelte van die romp lê nog verdere klem op die kurflinieëre lyne van die vroulike vorm.
- Die klem op die kurflinieëre word verder uitgelig deur die herhaling van die patroon in die ligter kleur materiaal.

Beweging:

- Die golwende/vloeiende diagonale van beide die uitklok gedeeltes van die romp skep die gevoel van beweging in teenoorgestelde rigtings.

Kontras:

- Die patroon met vertikale lyne op die lyfstuk kontrasteer met die kurflinieêre gelynde patroon op die materiaal van die boonste deel van die romp.
- Die ligte patroon materiaal op die boonste deel van die romp, die boonste rand van die lyfstuk, die skouerbande en die dun vertikale lyne van die lyfstuk, kontrasteer met die donkerder eenvoudige materiaal van die onderste laag van die romp, die lyfstuk en die donker ingerygde gedeelte aan die agterkant van die rok.

Balans:

- Die balans is asimmetries a.g.v. die feit dat beide die bande oor die linkerskouer gaan. Die bande lei ook die oog na die buitekant totdat dit in lyn is met die uitklokromp op die linkerkant van die figuur.
- Die sterk fokus van die klem op die een kant word uitgebalanseer deur die uitklok van die patroon gedeelte van die romp op die teenoorgestelde kant.
- Verder, die uitgesnyde skouer gedeelte (die kant sonder skouerbande) word uitgebalanseer deur 'n ooreenstemmende uitgesnyde gedeelte aan die onderkantse uitklok van die laer deel van die romp.

Enige 4, goed beredeneerde stellings moet krediet kry.

MAKLIK 1; GEMIDDELD 1; UITDAGEND 2 (4)

VOORBEELD 2: GARTH WALKER: GRAFIESE ONTWERPER. (1)

AFRIKA INVLOED EN INSPIRASIE

Die maatskappy bevorder 'n plaaslike ontwerpstyl gewortel in 'n Suid-Afrikaanse ervaring; in die gewone mense op die straat en stadsgebiede van Suid-Afrika.

Die maatskappy publiseer 'n nie-kommersiële ontwerpstydskrif, *Ijusi*, om in voeling te bly met die plaaslike kultuur waarin hul gewortel is, met die doel om geleenthede aan ontwerpers uit uiteenlopende agtergronde en kulture te gee om saam te werk en hul eie idees te ondersoek. **MIDDELMATIG 2** (2)

ALGEMENE EIENSKAPPE

Garth Walker is geïnteresseerd in die wêreld waarin hy woon. Hy versamel 'n groot verskeidenheid kuns en fotografie.

Hy verken die onvoorsiene en die onkenbare om sodoende visuele kodes, wat ons alledaagse ontmoetings as sosiale wesens, te vervars.

Die "Orange juice Design" ateljee se portefeulje is die ontwerp van logo's, verpakking en ander bevorderingsmateriaal soos "*Impulse*", "*Canderel*" en "*Tastic Rys*".

MAKLIK 1; GEMIDDELD 1; UITDAGEND 1 (3)

NAAM EN KORT BESKRYWING VAN EEN WERK:

Die lettertipe en “signage” vir die Suid-Afrikaanse Konstitusionele Hof.

Die Konstitusionele Hof is gebou op 'n perseel wat eens beset is deur 'n hoë-sekuriteit gevangenis – die ‘Ou Fort gevangenis’. Regdeur die apartheidsjare was die gevangenis 'n plek van onderdrukking, marteling en opsluiting. Vandag is die hof 'n simbool van gelykheid, demokrasie, waarheid, waardigheid en vryheid en sy werk is om die regte van mense soos uiteengesit deur die Konstitusie van Suid-Afrika, geformuleer na 1994, te ondersteun.

Hy het alle sigbare lettertipes op die historiese perseel noukeurig gedokumenteer, insluitende die tronkgraffiti en die merke wat deur die bouers gemaak is om sodoende iets nuuts te ontwerp. Om die lettertipe selfs meer simbolies te maak, word dit uitgebeeld in Suid-Afrika se 11 amptelike tale, asook in die verskillende kleure van die nasionale vlag op die fasade van die hofgebou.

MAKLIK 1; GEMIDDELD 1; UITDAGEND 2 (4)

3.3 3.3.1 (Ken 10 punte toe)

Verwys na EEN Internasionale ontwerper van die LTSM, Design Culture Now.

Ken 2 punte toe v: een vir die naam van die ontwerper
een vir die naam van 'n voorbeeld.

Vir 4 punte: Leerders moet 'n in- diepte bespreking en analise verskaf van die ontwerper se doelwitte, metode en materiale.

Vir 4 punte: Leerders moet die invloed wat elke ontwerper op mense het volledig verduidelik en regverdig.

Bv. 1. JULIE BARGMANN ('n ontwerper wie se werk 'n belangstelling in omgewingskwessies reflekteer).

Julie Bargmann word internasionaal erken as 'n ontwerper wat besoedelde en industriële persele in die VSA (wat ernstig deur, byvoorbeeld mynwerk of die neerstort van rommel beskadig is) te hernu. Sy ondersoek die kreatiewe potensiaal van hierdie gedegradeerde landskappe en verander hulle tot herleefde landskappe.

Haar werk ‘*Testing the Waters*’ is 'n transformasie van 'n vorige steenkoolmyn tot 'n park vir surrmyndreinerings- en gemeenskaps-ontspanning. Die park bestaan uit 'n landmassa wat uitgekerf is om 'n passiewe AMD behandelingssisteem te skep wat die publiek toelaat om die suiwing van die water fisies te aanskou – soos dit deur 'n reeks bekkens en deurvoerweë beweeg en kleur verander van oranje tot groen tot blou-groen. Die park bestaan ook uit 'n tuin van rye bome en struik wat mekaar afwissel. sowel as ontspannings-geriewe soos piekniekgronde, speel areas en wildslewe voetpaadjies.

Leerders moet ook duidelik en presies verduidelik hoe die ontwerper mense se lewens beïnvloed het.

MAKLIKE 3; MIDDELMATIG 4; UITDAGEND 3 (10)

3.3.2 Thomas Heatherwick

Die Rolling Bridge was ontwerp vir London's Paddington Basin, VN. Dit lig op vanaf die grond. Sierlik en amper stil boog dit opwaarts en krul in 'n balvorm. En dan stadig, ontkrul dit en een kant punt na die lug voor dit terugbeweeg na die grond.

Die Rolling Bridge werk met Hidromeganika. Al die silinders word met 'n konstante snelheid aangedryf ongeag die lading op die segmente, dus beweeg die struktuur glad en neem twee minute om oop of toe te maak. Die pompe en ander toerusting word geherberg in 'n aansluitende gebou met die gevolg dat die brug amper heeltemal stil is wanneer dit oop of toe maak.

Leerders moet presies en duidelik verduidelik hoe die ontwerper die lewens van mense beïnvloed het (bv. die omgewing geskep het).

MAKLIK 2; MIDDELMATIG 2; UITDAGEND 1 (6)
[30]

VRAAG 3	3.1	3.2	3.3	TOTAAL
MAKLIK		3	6	9
GEMIDDELD	2	4	6	12
UITDAGEND	2	3	4	9
TOTAAL	4	10	16	30

VRAAG 4

AS 3.9 Gee 'n kritiese oordenking oor hoe ontwerp die fisiese- en sosiale omgewing vorm.

AS 3.10 Demonstreer maniere waarop ontwerp gebruik kan word om die samelewing te bevoordeel

4.1 4.1.1 **(Ken 10 punte toe)**

Ken 2 punte toe vir elkeen. Die inligting wat verskaf word moet goed geredeneer wees en ondersteun word deur voorbeelde.

GEBRUIK VAN BEELDE

FIGUUR 8

- Drie beskadigde foto's van kinders van verskillende agtergronde oorvleuel om die sentrale fokuspunt te vorm
- Die omgewing om dit is voorgestel as 'n oorlogsone, gesimboliseer deur die oorblyfsels van beskadigde geboue teen die agtergrond van die stad aan die onderkant in die boonste regterkantse hoek is 'n vliegtuig wat bomme gooi in die vorm van dollar tekens, wat die mors van geld kan simboliseer wat spandeer word om armoede te verlig. In die paragraaf aan die linkerkant kan die kyker net-net uitmaak dat die kind 'n koeël vashou.
- Die buitelyn van 'n hart is oor die foto van die kinders geteken en die gewere van die tenks wys direk na die hart, wat gesê kan word om 'n simbool vir geweld en verwoesting te wees wat reg in die hart van verekie goed skiet, bv. liefde, vertrouwe, veiligheid en tuistes, veral vir kinders.

FIGUUR 9

- Die groot fatsoen van die olifant vorm 'n asimmetriese fokuspunt. Hy staan langs 'n watergat teenoor 'n eenvoudige Afrika-landskap. Die watergat kan die simbool van die bron van lewe wees. Die olifant is in die vorm van 'n geraamte wat dood simboliseer en al die beelde vorm silhoeëtte omdat die beeld afspeel tydens sonsondergang wat ook kan simboliseer dat dit amper te laat is om die diere van uitwissing te red.

(2)

KLEUR:**FIGUUR 8:**

- Die tenk, oorlogbeskadigde stad, die vliegtuig is alles in swart en wit om die erns van die situasie te simboliseer. Die letters is alles in wit, wat dit maklik leesbaar maak in kontras met die blou lug. Wit kan ook reinheid simboliseer of die verwoesting van onskuld deur hongersnood en armoede wat deur oorlog veroorsaak word. of dat die enigste sinvolle oorlog, die oorlog teen armoede is.
- Daar kan gesê word dat die blou lug die aandag na die feit trek dat die lewe aangaan soos gewoonlik, blind vir die goed wat gebeur, wat die mense se onvermoë om op te let, simboliseer.
- Die enigste kontras vir die koel kleurskema is die rooi en groen aan die regterkant van die foto, wat die kyker se aandag na die fokuspunt trek.
- Die logo is in oranje en alhoewel dit klein is, word dit uitgebring deur die blou van die lug, wat die komplimentêre kleur van oranje is. Die oranje word ook herhaal aan die regterkantse onderhoek.

FIGUUR 9

Die kleure wat gebruik word is oranje, geel, swart en ochre, wat as simbolies van Afrika beskryf word. Die warm kleure kontrasteer met die wit teks, 'WILL ONLY WORDS REMAIN?' om die boodskap uit te lig en die kyker se aandag op die erns van die situasie te vestig.

(2)

LETTERTIPE**FIGUUR 8**

Die hoofboodskap is in 'n groot eenvoudige sans-serif lettertipe. Die feit dat die letters lyk of dit beskadig is, versterk die boodskap. Die paragraaf of teks aan die regterkantse sy maak die stelling wat die idee van geld spandeer aan wapens vergelyk met kos steel, klere en skuiling vir die armes. Die boodskap in die paragraaf is geskryf in eenvoudige sans-serif kleinletters, soos wat 'n kind dit sal skryf, om die klem op deel van die samelewing te plaas wat die meeste deur armoede geraak word. Die verskillende groottes skrif trek die kyker se aandag eerste na die belangrikste.

FIGUUR 9

Die eenvoudige sans-serif lettertipe is vetgedruk en in hoofletters wat dit maklik maak om te lees en gee die boodskap meer impak.

(2)

TEKS**FIGUUR 8**

Die teks is op verskillende hoeke geplaas om die gevoel van verwarring wat 'n oorlog bring te versterk en soos die hoofopskrif is die teks "*War on poverty*". Die woord 'poverty' word herhaal om die boodskap nog sterker na vore te bring. Die kleiner teks is in kleinletters gedoen, wat dit maklik leesbaar maak.

(2)

FIGUUR 9

Die stelling, 'WILL ONLY WORDS REMAIN?' vorm 'n lyn op die linkerkantse onderste hoek van die plakkaat waar dit die meeste impak sal hê. Dit meng ook nie in met die geraamte-fatsoen van die olifant nie. Die slim gebruik van die woord 'eliphant' om die geraamte te vorm, help om die beeld met di3e agtergrond te integreer en los ook die kyker sonder enige twyfel waarna die plakkaat verwys.

(2)

UITLEG

FIGUUR 8

Die plasing/uitleg van die teks en beelde help alles om die aandag na die hart in die middel van die foto met die kinders te trek. Met eerste oogopslag is die redenasie agter die boodskap nie baie duidelik nie. Met nadere ondersoek kom die kragtige boodskap na vore.

FIGUUR 9

Die uitleg van die figure en tipe is eenvoudig, besig en volgepak en los die kyker sonder geen twyfel oor die boodskap Die inligting is duidelik rangskik in stroke of blokke van spasie om die leesbaarheid te verbeter.

In beide gevalle was die ontwerpers versigtig om hoofletters te gebruik teen die leë agtergrond, wat die leesbaarheid van die plakkate bevorder.

GEMIDDELD 2; UITDAGEND 8 (2)4.1.2 **(Ken 3 punte toe)**

SPASIËRING VAN WOORDE

- Die spasie tussen die woorde. Dis gewoonlik die wydte van 'n klinker. (a, e, i, o, u).

(1)

LEISPASIE

- Dit verwys na die hoeveelheid spasie tussen lyntipes en dit kom van die horisontale loodstrepe wat tussen die metaaltipe lyne geplaas word om die woordlyne apart te hou.

(1)

TIPE GERIGTHEID

Dit verwys na die posisie van die teks op die bladsy. Dit kan aan die linker- of regterkant of in die middel geplaas word.

MAKLIK 3 (1)

4.1.3 (Ken 4 punte toe)

DEFINISE VAN TIPOGRAFIE

Die uitkies en rangskikking van lettertipe elemente of die kuns van drukwerk.

KATEGORIEË VAN TIPOGRAFIE

Enige twee van die volgende en 'n voorbeeld van waar dit gebruik word:

- Tekstipografie – word in koerante, tydskrifte, boeke en dokumente gebruik.
- Vertoontipografie – vir plakkate, boekomslae, tipografiese logo's, verpakking, rekenaarskerm tentoonstellings, promosie en reklame materiaal.
- Kinetiese tipografie – dit verwys na die lettertipe vir krediete of onderskrifte in films of op televisie wat beweeg.

MAKLIK 2; GEMIDDELD 1; UITDAGEND 1 (4)

4.1.4 (Ken 3 punte toe)

- Die serif lettervorm het 'n kort streep wat vanuit die einde van die karakter/letter projekteer.
- Die Sans serif letter is gewoon en het nie die strepie aan die einde van karakter nie.
- Die kursiefletter is skuinsgedruk en word gewoonlik gebruik om iets te beklemtoon of om woorde te groepeer.

MAKLIK 2; GEMIDDELD 1 (3)

4.2 4.2.1 (Ken 2 punte toe)

Onverantwoordelike ontwerp verwys na enige ontwerp of promosie wat 'n vals boodskap uitstuur bv. om 'n advertensie veldtog te ontwerp vir 'n produk wat nie werk nie, of 'n produk wat mense kan seermaak of skade aanrig.

Gee krediet aan enige ander geldige stellings. **GEMIDDELD 2 (2)**

4.2.2 (Ken 1 punt toe)

Ken een punt toe vir die volgende of enige goed beredeneerde antwoord.

- Ontwerp kan gebruik word om sosiale verantwoordelikheid te vestig, bv. 'Hou jou stad skoon' advertensie veldtogte.
- Dit kan gebruik word om eenheid in plaas van skeiding tussen verskillende kulture te bewerkstellig en om nie minagting teenoor mense van ander kulture te bou deur verskillende advertensies veldtogte.
- Dit kan gebruik word om bewustheid van gevaarlike situasies aan te wakker, bv. deur publieke skrywes, bv. 'Oppas vir die hond' by die ingang van 'n eiendom.
- Dit kan 'n gemeenskap ekonomies help, bv. die promosie van 'n dorp om toerisme en die plaaslike inkomste te verbeter

GEMIDDELD 1 (1)

4.3 (Ken 7 punte toe vir een voorbeeld)

Leerders kan verwys na enige kontemporêre ontwerper of groep wie se werk sosiale verantwoordelikheid toon, bv. die Woolworths bron 'Living with Design Daily' of 'Craft Art in SA' deur E. Coetsee. Moontlike voorbeelde sluit in Mapula, Streetwires en die Mielie gemeenskapsontwikkeling projek. Leerders moet punte ontvang vir die uitlig van doelwitte, eienskappe en invloede van die ontwerper wat verband hou met sosiale verantwoordelikheid.

2 voorbeelde volg:

VOORBEELD 1: MAPULA

Mapula is op die been gebring met die oog op werkskepping vir landelike vrouens. Dit is oorspronklik befonds deur 'n liefdadigheidsorganisasie (NGO) maar is nou heeltemal selfstandig. Dit is wat bedoel word met die term 'bemagtiging'.

Die vrouens skep hul eie ontwerpe gebaseer op natuurlike vorms soos blomme en bome. Hulle verwys ook na hul eie lewens in hul ontwerpe, byvoorbeeld kinders wat speel in die landelike omgewing. In die begin het die vrouens lesse gehad in oppervlakontwerp en borduurwerk en vind ook baie nuwe steke uit. Een van die steke wat hulle die meeste gebruik is die kettingsteek.

Hulle maak funksionele produkte sowel as kussingslope en tafellopers. Unieke kunswerke soos muurbehangsels word ook geskep. Hulle werk gewoonlik op swart kartondoek en helder gare beklemtoon die Afrika-identiteit van die werk. Oppervlaktes word baie dig geborduur en die swart negatiewe ruimtes dien as die agtergrond. Die katoen is omgewingsvriendelik en volhoubaar en is geredelik beskikbaar in Suid-Afrika.

Gee punte vir enige ander inligting.

(2)

VOORBEELD 2: STREETWIRES

'n Kontemporêre Suid-Afrikaanse Handwerk Besigheid en gemeenskapsontwikkeling projek:

Streetwires, 'n hoogs winsgewende handwerk-besigheid en gemeenskapsontwikkeling projek, is tot stand gebring deur Patrick Schofield, Winston Rangwana en Anthony Ressel. Die besigheid produseer straat-draadkuns, 'n kenmerkende Suid-Afrikaanse genre. Een van die doelwitte van die besigheid is om die kwessies van werkloosheid en armoede aan te spreek . Die kunsvorm het waarskynlik sy oorsprong in die landelike gebiede van Mpumalanga en Zimbabwe, waar arm beeswagter-seuns hul eie speelgoed gemaak het met ou hangerdraad, blikke en enigiets anders wat hul kon vind.

Die drie stigters van die besigheid kom van uiteenlopende agtergronde en elkeen het 'n unieke en waardevolle bydra gelewer tot die sukses van die besigheid. Schofield het 'n Honneursgraad in Besigheidswetenskap. Sy huis is as sekuriteit gebruik om die besigheid op die been te bring. Rangwana het sy kennis van die draadkunsbedryf bygedra terwyl Ressel sy bemarkingsvaardighede bygedra het. Aan die begin was daar net twee draadkunstenaars wat aangestel was op 'n deeltydse basis en het 'n kamer in Schofield se huis gebruik as 'n werksruimte. Die besigheid het gegroei en naderhand kon die eienaars nog twee geboue aankoop. Die Kaapstad ateljee is 'n besigheid wat die kwaliteitsbeheer toepas.

'n Ontwerpspan skep nuwe draadkuns ontwerpe. Wanneer dit goedgekeur word, word template gemaak en gegee aan 'n span draadkunstenaars wat dan die produk maak. Om te sorg dat 'n hoë standaard gehandhaaf word, maak die spanleier seker dat die templaats presies nagevolg word en dat die produk deur die kwaliteitsbeheer proses gaan voordat dit aan die mark bekend gestel word.

Die maatskappy glo dat werkloosheid die grootste struikelblok vir ons land. Dit is nie net die oorsaak van maatskaplike probleme soos armoede nie, maar verhinder ook gemeenskaps groei en ontwikkeling. Daarom probeer die besigheid langtermyn werk skep vir so veel as moontlik Suid-Afrikaners. Hulle probeer die lewensstandaarde van Suid-Afrikaners te verbeter deur werksplekke, permanente werk, 'n gevoel van waardigheid en toegang tot vaardighedsopleiding en persoonlike ontwikkeling te voorsien. 'Streetwires Training and Development' is 'n nie-winsgewende organisasie wat deur Streetwires gestig is en streef daarna om gemeenskappe op te hef deur voorsiening te maak vir vaardighedsopleiding, ontwikkeling van individuele kunstenaars en die skepping van uitreik inisiatiewe in weeshuise, skole en verarmde gemeenskappe.

Die voorwerpe wat gemaak word is beide dekoratief en funksioneel, byvoorbeeld promosie artikels en geskenke gemaak van krale (sleutelhouers, skuifspelde met 'n logo, besigheidskaarhouers), radio's, verskeie motormodelle gemaak van draad en krale en dier-, voël- en mensfiguur beeldhouwerke. Die vorms is hoogs gestileerd en vereenvoudig en bevat 'n element heelwat humor en speelsheid. Helder kleure en eenvoudige, kromagtige buitelyne domineer. Die draadkuns domineer ook. Materiale soos krale, opgesnyde blikke en botteldoppe word ook gebruik.

MAKLIK 2; GEMIDDELD 3; UITDAGEND 2

(7)
[30]

VRAAG 4	4.1	4.2	4.3	TOTAAL
MAKLIK	7	1	2	10
GEMIDDELD	7	1	2	10
UITDAGEND	9		1	10
TOTAAL	23	2	5	30

VRAAG 5

AS 3.11 Bespreek die basiese feite betreffende die bepaal van kostes en pryse tydens die bemarking van 'n ontwerpsprodukt of diens.

AS 3.12 Toon 'n vermoë om produkte en dienste te ontwerp in terme van teikenmarkte.

AS 3.13 Begryp die besigheid- en sosiale verantwoordelikheid van ontwerpers.

5.1 5.1.1 **(Ken 2 punte toe)**

Enige TWEE van die volgende is aanvaarbaar, of enige ander goed beredeneerde antwoord.

VOORDELE

- Dit is funksioneel as stoorplek en kan ook behulpsaam wees met die organisasie vir die binne-spasie van 'n kas.
- Dit is beweegbaar en kan aan enige kant van die kas geplaas word, soos benodig
- Dit kan maklik verwyder word indien nodig.

NADELE

- Dit is lomp en neem baie spasie op.
- Omdat dit aan die reëling hang kan dit die reëling buig as dit te swaar raak.
- Omdat dit soos 'n klere-hanger hang kan dit dalk te veel rondskuif as 'n persoon probeer om die laaie oop te maak.

UITDAGEND 2 (2)

5.1.2 **(Ken 2 punte toe)**

MOONTLIKE TEIKENMARKTE

Enige geldige goed beredeneerde antwoord moet krediet ontvang. Leerders kan sê dat die ontwerp die jong, moderne, stylbewuste vrou teiken vir die volgende redes:

- Die kas is in die uurglas fatsoen van 'n vrou.
- Die rokvorm is "funky" en jeugdig.
- Die rokvorm is stylvol, eenvoudig, elegant, onversierd en kontemporêr/modern.

Enige ander goed beredeneerde antwoord kan punte verdien.

UITDAGEND 2 (2)

5.1.3 **(Ken 2 punte toe)**

Bemarking verwys na die verkoop van 'n produk.

Marknavorsing is 'n aanhoudende proses en vra aanhoudende terugvoer van enigiemand en almal oor die ontwerp van die produk wat jy graag wil vervaardig, sodat die ontwerp steeds kontemporêr en aantreklik vir die teikenmark bly.

GEMIDDELD 2 (2)

5.1.4 (Ken 2 punte toe)

Marknavorsing lig jou in oor die volgende:
Die tipe persoon wat die produk sal koop.
Die mees geskikte handelaar vir die produk.
Watter tendense is tans populêr.
Die huidige markverwante pryse vir soortgelyke produkte.

GEMIDDELD 2 (2)**5.1.5 (Ken 4 punte toe)**

Moontlike bemarkingsmetodes is:
Gedrukte advertensies bv.:

- Plakkate
- Pamflette
- Briefhoofde
- Strooibiljette
- Brosjures
- Etiketie
- Besigheidskaartjies
- Radio advertensies
- Televisie advertensies

(Enige 4 metodes wat van toepassing is kan gelys word.) **(4)**

5.1.6 (Ken 4 punte toe)

Die karaktereienskappe van enige van die advertensies metodes wat bestudeer is, kan verduidelik word, bv.

OPSIE 1: PLAKKATE:

- Plakkate moet 'n groot skrif hê wat gelees kan word van 'n afstand.
- Moet 'n duidelike, eenvoudige en direkte boodskap hê wat 'n impak kan maak op die kyker in sekondes.
- Die visuele beeld moet ook aandag trek, maar moet van toepassing wees op die boodskap.
- 'n Eenvoudige uitleg is noodsaaklik – met 'n paar sleutelemente (skrif en visuele).
- Belangrike informasie moet ingesluit word, soos datum, tyd en plek.
- Een element moet dominant wees om die oog eerste te vang – 'n opskrif of visuele beeld.
- Die visuele beeld moet van toepassing wees tot die boodskap of onderwerp.

(Enige van die boonste 4 of enige ander geldige eienskappe kan gelys word.)

OPSIE 2: BROSJURE

Die produk kan ook bemark word deur 'n brosjure, wat die volgende informasie sal insluit:

- 'n Volledige beskrywing van die produk.
- Soos die produkverpakking moet die voorkoms van die brosjure baie anders wees as die van die ander produkte se brosjures, sodat dit die potensiële kliënt se aandag kan trek.
- Die mees gepaste grootte, fatsoen en proporsie van die brosjure moet oorweeg word. Dit kan landskap, portret, vierkant of enige ander konvensionele fatsoen wees, solank dit in die koevert pas.
- Die voor- en agterblad moet saamwerk as 'n ontwerpuitleg en moet aandag trek.
- Die binneblaaie moet die visuele effekte van die voor- en agterblad komplimenteer.
- Die lettertipe keuse moet dieselfde wees regdeur die brosjure.

MAKLIK 2, GEMIDDELD 2 (4)

5.1.7 (Ken 7 punte toe)

Die doel van kostebepaling:

Ten einde doel aan 'n realistiese prys te kom wat nie te hoog is nie en steeds 'n redelike bedrag wins kan oplewer, is dit belangrik om te weet wat dit kos om die produk te maak.

EN

Jy moet oorweeg wat die mark kan hanteer – as prysbepaling ordentlik gedoen word sal jy die maksimum inkomste kry sonder om potensiële kliënte af te sit.

(1)

- Die koste van die materiale wat benodig word om die produk te produseer moet in ag geneem word, asook:
- Die koste van vervoer wat benodig is om hierdie materiale by die produksieplek af te laai.
- Die koste van gereedskap wat tydens produksie gebruik word.
- Die huur van die werkplek asook die oorhoofse kostes (elektrisiteit, water).
- Algemene administrasiekostes (telefoon, posgeld, skryfbehoeftes).
- Verpakkings- en etiketteringskostes.
- Bemerkingskoste.
- Die koste van die arbeid en bemerking wat dit geveerg het om die produk te produseer.

Enige van die bogenoemde punte.

UITDAGEND 3; MAKLIK 4 (6)

5.1.8 (Ken 3 punte toe)

Enige van die volgende of enige ander goed beredeneerde antwoord:

- Die produk moet 'n kwaliteit produk wees en effektief wees.
- Die verpakking moet aantreklik wees want eerste indrukke is baie belangrik.
- Produk aflewering moet gedoen word deur 'n effektiewe, veilige en betroubare sisteem.
- Personeel moet goed opgelei wees en vriendelik sowel as toegewyd tot die produk wat hulle verkoop.

MAKLIK 3 (3)

5.2 5.2.1 (Ken 4 punte toe)

As die leerder FIGUUR 12 kies kan die volgende redes gegee word:

- FIGUUR 12 vang die oog omdat dit lewendig en baie kleurvol is.
- Die kleurvolle natuur van FIGUUR 12 is baie geskik om vrugtesappe te adverteer omdat vrugte helder en eksoties gekleurd is.
- Die beeld van 'n rits van 'n hoop vrugte oopmaak is ongewoon en "funky" en sal aanklank vind by die jeug en moderne mark.
- Die beeld dra ook die gevoel van oopmaak vir oorvloed suksesvol oor en veronderstel dat die sak vol gesondheid is.

As die leerder FIGUUR 13 kies kan die volgende redes gegee word:

- FIGUUR 13 het 'n eenvoudige, moderne en vaartbelynde vorm.
- Die tipografie is ook eenvoudig, skoon en in 'n ongewone posisie geplaas aan die onderkant van die bottel.
- Die kleur van die sap domineer die vorm en die lewendige, oop areas aksentueer die naam van die produk aan die onderkant.
- Die dop is in die vorm van 'n bottelstopper wat beide aantreklik en 'n funksionele element is en sal die bottel aantreklik maak vir meer as een gebruik nadat die sap op is.

Gee krediet aan enige ander goed beredeneerde antwoorde.

GEMIDDELD 2; UITDAGEND 2 (4)

[30]

VRAAG 5	5.1	5.2	TOTAAL
MAKLIK	12		12
GEMIDDELD	7	2	9
UITDAGEND	7	2	9
TOTAAL	26	4	30
MAKLIK	12		12

GROOTTOTAAL: 150

VRAAG 1	1.1	1.2	1.3	1.4	TOTAAL
MAKLIK	3			3	6
GEMIDDELD	2	2		4	8
UITDAGEND	1		2	3	6
TOTAAL	5	2	2	10	20

VRAAG 2	2.1	2.2.1	2.3	TOTAAL
MAKLIK	2	6	6	14
GEMIDDELD	4	2	8	14
UITDAGEND	1	5	6	12
TOTAAL	7	13	20	40

VRAAG 3	3.1	3.2	3.3	TOTAAL
MAKLIK		3	6	9
GEMIDDELD	2	4	6	12
UITDAGEND	2	3	4	9
TOTAAL	4	10	16	30

VRAAG 4	4.1	4.2	4.3	TOTAAL
MAKLIK	7	1	2	9
GEMIDDELD	7	1	2	12
UITDAGEND	9		1	9
TOTAAL	23	2	5	30

VRAAG 5	5.1	5.2	TOTAAL
MAKLIK	12		12
GEMIDDELD	7	2	9
UITDAGEND	7	2	9
TOTAAL	26	4	30

ANALISE ROOSTER

VRAAG	1	2	3	4	5	TOTAAL	%
MAKLIK	6	14	9	9	12	50	30
GEMIDDELD	8	14	12	12	9	55	40,7
UITDAGEND	6	12	9	9	9	45	29,3
TOTAAL	20	40	30	30	30	150	100%